**Die Burger 28 Mei 2021**

### Verhurings, die hernuwing van huurooreenkomste en oorskrydings van 'n geringe aard

Die Stad Kaapstad is verplig om die voorneme om vaste eiendom te verhuur, vir kommentaar te adverteer. Die openbaredeelnameproses bestaan uit twee elemente. Die eerste een is die publikasie daarvan in die plaaslike koerante (Cape Argus en Die Burger) en die tweede is kennisgewing aan subrade, wyksraadslede, nasionale tesourie, provinsiale tesourie en eienaars van aangrensende grond.

Kennisgewing geskied hiermee dat die Stad Kaapstad in die loop van die 2021/22-boekjaar (1 Julie 2021 tot 30 Junie 2022) ingevolge die bepalings van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur en die verwante regulasies oor die oordrag van munisipale bates en die beleid oor die bestuur van sekere van die Stad Kaapstad se onroerende eiendom, goedgekeur deur die Raad op 26 Augustus 2010, oorweging sal skenk aan verhurings, die hernuwing van huurooreenkomste en oorskrydings van 'n geringe aard van die volgende kategorieë grond in Stadsbesit:

| Kategorie | Beskrywing |
|---|---|
| Verbeterde eiendomme | Verhuring van en die hernuwing van huurooreenkomste vir verbeterde eiendomme vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar teen markverwante huurgeld of tariefhuurgeld. |
| Buitesitplekke | Verhuring van en die hernuwing van huurooreenkomste vir die doel van buitesitplekke teen markverwante huurgeld. |
| Huurooreenkomste vir tuinbou en sekuriteit (nielewensvatbare grond) | Verhuring van en die hernuwing van huurooreenkomste vir nielewensvatbare gedeelte(s) munisipale grond aan eienaars van aangrensende grond teen tariefhuurgeld wat jaarliks deur die Raad goedgekeur word. |
| Oorskrydings van 'n geringe aard | Verhuring (hernuwing van huurooreenkomste ingesluit) vir oorskrydings van nie meer as 50 sentimeter oor die erfgrens of meer as 50 m2 nie. |

Die eiendomspesifieke besonderhede per transaksie sal aan die bestuurder van die subraad, voorsitter van die subraad, wyksraadslid en eienaars van aangrensende grond verskaf word. Kennisgewings sal op kennisgewingborde by eiendomsbestuur se streekkantore geplaas word.

Vir nadere besonderhede, stuur 'n e-pos na Melissa Hunn byMelissa.Hunn@capetown.gov.za.

Enige besware, met redes daarvoor, moet binne 30 dae van die datum van hierdie publikasie skriftelik gerig word aan Melissa Hunn by Melissa.Hunn@capetown.gov.za.

**Cape Argus 28 May 2021**

### Leases, lease renewals & encroachments of a minor nature

The City of Cape Town is required to advertise the intention to lease out immovable property for comment. The public participation process comprises two elements, the first of which is the publication in the local press (Cape Argus and Die Burger) and the second notification to Subcouncils, Ward Councillors, National Treasury, Provincial Treasury and abutting land owners.

Notice is hereby given that during the course of the 2021/22 financial year (1 July 2021 to 30 June 2022) the City of Cape Town will be, in terms of the provisions of the Local Government Municipal Finance Management Act and the associated Municipal Asset Transfer Regulations and the Policy on the Management of Certain of the City of Cape Town's Immovable Property, approved by Council on 26 August 2010, consider leases, lease renewals and encroachments of a minor nature of the following categories of City owned Land:

| Category | Description |
|---|---|
| Improved Properties | Leases and lease renewals of improved properties for a period no longer than 3 years at a market-related rental or tariff rental. |
| Outdoor seating | Leases and lease renewals for outside seating purposes at a market related rental. |
| Non-viable Gardening and Security leases | Leases and lease renewals of non-viable portion(s) of municipal land to adjoining land owners at a tariff rental as approved by Council annually. |
| Encroachments of a minor nature | Agreements (including renewals) for encroachments not exceeding 50 centimetres over the erf boundary or not exceeding 50 m2. |

The property specific details per transaction will be communicated to the Subcouncil Manager, Subcouncil Chairperson, Ward Councillor and abutting land owners. Notifications will be posted on Notice Boards at the Property Management Regional Offices.

For further details, send an email to Melissa Hunn at **Melissa.Hunn@capetown.gov.za**
Any objections must be submitted in writing, together with the reasons therefor, to Melissa Hunn at **Melissa.Hunn@capetown.gov.za** on or before 30 days from date of this publication.

# No objections received

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**CITY MANAGER**
**28 MAY 2021**

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

**Making progress possible. Together.**